

Vrydag 12 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 3:1-13

## Deur die evangelie word mense in die kerk opgeneem

Paulus wil nou bid vir hierdie gelowiges wat 'n nuwe skepping van God is. Maar skielik onderbreek hy sy gebed, want hy is steeds verwonderd oor Christus se kerk en nou ook oor hoe mense in die kerk opgeneem word. God het hierdie geheim aan hom bekend-gemaak en hy is begenadig om dit bekend te maak. Ná Christus se dood en opstanding kan die geheim wat lank reeds bestaan, nou bekendgemaak word. God het op 'n beson-dere manier hierdie geheim aan Paulus bekendgemaak: deur 'n openbaring uit die hemel. Deur hierdie openbaring besit Paulus nou kennis van God se groot plan.

Die geheim is: Gelowiges uit alle volke is deel van die kerk van Christus. Deur die ver-kondiging van die evangelie hoor heidene die blye boodskap en deur die werking van die Heilige Gees kom geloof in hulle harte. Christene uit die heidene en uit die Jode is nou gemeenskaplike lede van die kerk van Christus.

Paulus is bevoorreg dat hy, wat vantevore die kerk vervolg het, nou alleen uit genade kan optree met die krag wat Christus gee. Hy kan die onpeilbare rykdom van Christus ver-kondig, rykdom wat onmeetlik en oneindig is, en dit is die skepping van die kerk uit alle volke. Die wonder van die kerk toon aan die hemelruim se bewoners hoe groot God se wysheid is. Omdat ons deel is van hierdie wonder, kan ons met vrymoedigheid ons hart vir God oopmaak en in alle omstandighede moedhou.

*Sing: Psalm 47:1, 4 (1936)*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*